corruption watch



## MELD KORRUPSIE AANLYN AAN

Bega tiragalo ka motswedi wa komputara mo webosaeteng ya rona. Tshedimosetso e babalesegile ebile tshedimosetso ya gago e tla tshwarwa ka kelotlhoko e e masisi le pabalesego.

**www.corruptionwatch.org.za**



## ONS KORRUPSIE BLITSLYN

**0800 023 456**

(tolvry van landlyne af)

**MELD AAN MET WHATSAPP**

**072 013 5569**

**TERUGBELDIENS**

**SMS 'CALL ME' NA 44 666**



## DIE KORRUPSIEWAG -KANTOOR


**MOKGATLHO O O DISITSENG BONWEENWEE (RF) NPC**

8th Floor Heerengracht Building
87 De Korte Street
Braamfontein 2001 Johannesburg
PO Box 30630 Braamfontein 2017

**info@corruptionwatch.org.za**
**T. 011 242 3900 | F. 011 403 2392**




AGENT ORANGE DESIGN

**WWW.CORRUPTIONWATCH.ORG.ZA**

corruption watch




# KORRUPSIE IN DIE GESONDHEIDSEKTOR

## ONS VERANTWOORDELIKHEID IS SLEGS TEENOOR DIE MENSE

**Korrupsie is 'n ernstige bedreiging vir almal van ons wat staatmaak op staatshospitale en -klinieke.**

Dit maak dit nie net moeilik vir ons om behoorlike behandeling te kry wanneer ons kwesbaar is en nie omkoopgeld kan betaal nie, maar wanneer geld, medisynes en toerusting deur amptenare gesteel of wanaangewend word, is dit 'n terugslag vir die ganse gemeenskap.

**Watter soort korrupte bedrywighede maak dit vir ons moeilik om behoorlike gesondheidsorg te kry?**

**Informele betalings**
Nie-amptelike betalings aan verskaffers van gesondheidsorg wat meer is as die amptelike koste van 'n diens of dienste wat veronderstel is om gratis te wees.

**Verkoop van staatsposte**
'n Senior amptenaar in 'n magsposisie dring aan op 'n betaling van staatsagente om hul poste te beskerm of te behou.

**Om vir twee base te werk**
Professionele gesondheidsorgwerkers misbruik verlofbeleide of bedryf hul privaatpraktyk tydens werksure.

**Verkrygingskorrupsie**
Sluit in baie soorte misbruik soos omkopery, geld onder die tafel, faktuurbedrog, samespanning tussen verskaffers, versuim om lewering op kontrakte te oudit, ens.

**Diefstal of misbruik van eiendom**
Diefstal of onregmatige gebruik van eiendom soos medisynes, toerusting of voertuie vir persoonlike gebruik, vir gebruik in 'n privaat mediese praktyk of om dit te verkoop of uit te huur.

**Bedrog**
Sluit in vals fakture, "spookpasiënte" of "spookdienste" (fakturering vir pasiënte wat nie werklik bestaan nie of vir dienste wat nie gelewer is nie), die herleiding van geld na privaat bankrekenings.

**Verduistering van geld**
Amptenare, verskaffers van gesondheidsorg of ander mense steel of herlei nasionale fondse opsetlik wat vir gesondheidsorgdienste toegewys is

**Nepotisme**
Werksgeleenthede word vir vriende en familielede gegee, op grond van persoonlike konneksies eerder as op meriete


**Onbehoorlike akkreditasie van gesondheidsorg**
Mense of groepe keur 'n professionele gesondheidsorgwerker se kwalifikasies goed danksy persoonlike of politieke konneksies met die professionele persoon of met die ontvangs van omkoopgeld.

## "MELD KORRUPSIE AAN EN WEES AKTIEF IN DIE BEVORDERING VAN VERANTWOORDBARE LEIERSKAP."

**Onvanpaste sertifisering van gesondheidsorgfasiliteit**
Amptenare bied ongeoorloofde sertifisering aan 'n gesondheidsorgfasiliteit danksy persoonlike of politieke konneksies met diegene wat die fasiliteit bedryf of met ontvangs van omkoopgeld.

**Onbehoorlike sertifisering van gesondheidsorg opleidingsfasiliteit**
Amptenare bied ongeoorloofde sertifisering aan 'n gesondheidsorg opleidingsfasiliteit weens persoonlike of politieke konneksies met kollege-eienaars of met ontvangs van omkoopgeld.

**Ons moedig almal aan wat in Suid-Afrika woon, om korrupsie aan ons te rapporteer deur ons verskillende platforms:**




## STUUR E-POS AAN:
**INFO@CORRUPTIONWATCH.ORG.ZA**

Blaai om vir ander maniere om korrupsie aan ons te rapporteer.